

27 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:17-21 (OAV)
Fokusgedeelte: Hebreërs 13:20, 21

Geestelike rykdom is moontlik!

Geestelike vrug en rykdom voel baie keer soos 'n doelwit waarby ons eintlik nooit uitkom hier op aarde nie. Die werklikheid, so word dit duidelik in die laaste verse van Hebreërs, is egter anders. In vers 20 en 21 bid die apostel vir die lesers van sy brief. En wat hy vra in hierdie slotbede, is niks anders nie as ons geestelike rykdom.

Hy rig sy gebed tot die God van vrede. Dit is 'n benaming wat rus op die drie geloofswaarhede van vers 20:

- at Jesus Christus die groot Herder van die skape is en daarom optree as die groot Hoëpriester van sy volk, wat vol medelye en ontferming omsien na hulle wat Hom ken en na sy stem luister. D
- hierdie groot Herder is teruggebring uit die dood en kan juis daarom optree as groot Herder wat die vrede met God bewerk het. Die sonde en dood wat 'n ondeurdringbare muur was tussen ons en God, het Hy oorwin en afgebreek. H
- sy opwekking uit die dood vind plaas deur die bloed van die ewige Testament of Verbond. Dis sy offerbloed wat alle offers oortref het en daarom net eenmalig vergiet moes word, wat effektief volkome verlossing bewerk het. S

Wat is nou die inhoud van die apostel se gebed op grond van hierdie groot Herder se werk? Dat God wat in Christus 'n God van vrede geword het, ons in elke goeie werk sal volmaak. Juis dit lyk vir ons so onmoontlik! Hoe kan ons tog volmaak word in elke goeie werk?

God doen dit in sy Seun! Hy regverdig ons nie net deur sy offerwerk buite ons nie, Hy bewerk ook die heiligmaking in ons. Ons kan onself nie heilig nie, maar Hy kan. Hy werk in ons om te wil en te werk wat God se wil is. Deur Hom en sy Gees word ons toegerus en herstel, sodat ons kan groei in kennis en genade. Dis die werk van die God van vrede in ons deur sy Seun.

So word ons geestelik gesond en oorvloedig. So word God verheerlik in ons lewe!

Sing: Psalm 72:10, 11 (1936) Ds. BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)